

Tema: Wat is dan die betekenis van Sy opstanding?
Skriflesing: Korintiërs 15:35-50

Jesus het opgestaan. Hy het aan Sefas, Jakobus, Paulus, die 11 dissipels; al die apostels en op een slag aan 500 broers verskyn. Na Sy opstanding het Hy 11 maal aan ongeveer 550 mense verskyn om te bewys dat Hy opgestaan het.

Hoe lyk ons opstandingsliggaam? Dit bly maar 'n vraag wat ook in ons gemoed leef.

Maar hoor net hoe antwoord Paulus in 1 Kor 15:36: "Dis 'n dom vraag! Wat jy saai, kom nie tot lewe tensy dit eers sterwe nie."

As jy maar gekyk het wat in die natuur gebeur: as 'n koringkorrel geplant word, lyk dit of dit dood is. Wanneer dit opkom, bly dit koring. Dit bly in wese dieselfde, maar dit is anders. Uit die koringkorrel kom 'n koringplant wat later koringare dra. Die koringkorrel bly koring, maar neem 'n radikale nuwe gestalte aan.

Paulus verduidelik dit so:

Aardse liggaam	Opstandingsliggaam
Verganklik (Ps 103:15-17)	Onverganklik
Gering/ sonder eer en aansien	Verheerlik
Swak	Vol krag
Fisies / stoflik – sonde geaffekteer	Geestelik / hemels – Geesvervuld en soos Jesus se opstandingsliggaam

Die feit dat ons weet dat Jesus Christus ons sonde en dood oorwin het en dat ons soos 'n koringkorrel sal opstaan tot 'n nuwe koringplant- en koringaar-lewe verander vandag ons manier van lewe. Die feit dat almal van ons as kinders van die Here sal opstaan en vir ewig sal lewe saam met Hom maak dat ons die lewe kan leef waartoe ons opgeroep word in 1 Kor 15:58: "Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie."

Omdat Christus die dood vernietig en die oorwinning behaal het, kan ons ook spot met die dood in die woorde van 1 Kor 15:55: "Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?"

Dit herinner my aan die volgende verhaal:

'n Klein dogtertjie en haar pa ry in hul motor. Die dogtertjie is allergies vir bysteek. Een steek kan haar dood beteken. Skielik vlieg daar 'n by by die motor se venster in. Doodbenoud kruip sy in 'n klein hoekie weg. Haar pa trek die motor van die pad af en vang die by in sy kaal hand. Hy weet wat gaan gebeur. Baie verlig kom die dogtertjie uit haar wegkruipplek, net om te sien hoe haar pa sy hand oopmaak en die by uitvlieg. Hoogs verontwaardig vra sy vir haar pa: "Pappa, wat maak jy nou? Jy weet tog dat die by my dood kan beteken!" Die pa wys sy hand, wat begin opswel, vir haar en sê: "Kyk daar sit die angel. Die by kan niks meer aan jou doen nie."

Ek en jy was ook eens soos hierdie klein dogtertjie. Ons het in vrees vir die dood geleef. Die angel van die dood was sonde en ons was hulpeloos vasgevang in sonde. Hulpeloos in sonde vasgevang moes ons sterf, want die straf op sonde is die dood.

Net God kon iets hieraan doen. Hy het ons te lief om ons so te los. Hy stuur sy Seun, Jesus Christus. Jesus neem ons sonde op Hom. Hy sterf in ons plek. Met Sy opstanding vernietig Hy ons ewige dood. Hy dra ons sondestraf. Hy breek sonde se absolute houvas op ons. Hy vat aan die kruis in ons plek die steek van sonde as angel van die dood.

Na die opstanding van Christus wys Hy vandag die merke in Sy hande, voete en sy vir ons as bewys dat Hy die angel van die dood gevat het. Hoor as Hy nou vir jou sê: "Kyk daar is die merke. Die dood kan niks meer aan jou doen nie."

Daarom kan ons lag en spot met die dood. Die Here het ons dood doodgemaak sodat ons vir altyd kan lewe.

Amen

Hier is somer nog iets treffend wat ek oor die opstanding raakgelees het: Een van die groot Nuwe-Testamentiese teoloë van ons tyd het op 'n keer, toe hy oor die bewys van die opstanding gepreek het, dit soos volg hanteer:

Hy begin deur al die besware en argumente te noem wat mense het oor hoekom die opstanding nie 'n historiese feit kan wees nie. Met ander woorde, hoekom dit nie moontlik is dat Jesus uit die graf kon opstaan nie en hoekom dit maar net as 'n storië van Sy dissipels verstaan moet word.

"Het Jesus dan nie opgestaan nie", het hy gevra? "Natuurlik het Hy opgestaan", het hy uitgeroep. "Hoe weet ek dit?" Hy het met sy vinger na die naaste kerkganger gewys en gesê: "Jy is tog die opgestane Christus!"

Waarop hy onmiddellik gevra het: "Is dit te veel gesê? Is dit kettery om so te sê?" Hierop het hy geantwoord (en nou moet u mooi luister): "My liewe gemeente, as die opgestane Christus nie in julle leef nie, wat help dit dat ons al die bewyse kan bring dat Hy wel 2000 jaar gelede opgestaan het? As Jesus as die opgestane Here nie in die kerk leef nie, as Hy nie in ons wat in Hom en Sy opstanding glo, leef nie, as Hy as die opgestane Here nie ons lewens verander het nie, as Hy nie deur die kerk en deur Sy kinders die wêreld verander het nie, help dit niks dat Hy opgestaan het nie. Dan het Sy opstanding, al het Hy werklik opgestaan, aan jou lewe niks verander nie."